

26. Gesprek oor die wederkoms

Mattheus 24 tot Mattheus 26: 13

Jesus kom weer

Jesus gaan weg om plek voor te berei vir hulle wat God uitverkies het. Daarna kom Hy weer om diegene wat aan Hom behoort, te haal. Hierdie hoofstuk fokus op die volgende hoofgedagtes:

- In die laaste tye sal die kerk groot verdrukking beleef.
- Die kinders van die Here moet voorbereid wees op sy koms.
- Jesus Christus, die Gesalfde, kom weer.

Die profetiese rede

Teen die aand gaan die Here en sy dissipels uit die tempel. Toe hulle bo-op die Olyfberg kom, draai hulle om en kyk terug oor die stad. In die lig en skadu van die laat-middag staan die hoë geboue, die paleise en veral die tempel skerp afgeteken. Die dissipels gesels met Jesus oor die pragtige geboue, veral die tempel en die groot rotsblokke wat vir die fundamente gebruik is. Dit is 'n indrukwekkende gesig wat by die Jode liefde en trots wek; vir hulle is Jerusalem 'n heilige stad, die pêrel onder die stede.

Maar toe Jesus daarna kyk, sê Hy met groot hartseer dat daar sekerlik nie een klip op die ander gelaat sal word nie. Vir die dissipels is dit 'n skokkende uitspraak. Die geskiedenis leer hulle dat die bestaan van die volk ten nouste saamhang met die bestaan van die tempel.²¹⁵ As die tempel verwoes word, sal die volk ook ten gronde gaan. Hulle glo dat die verwoesting van die tempel sal saamval met die laaste oordeel en die voleinding van die wêreld. Daarom wil hulle nou weet wat Jesus met sy uitspraak bedoel.

Die groot verdrukking wat kom

Voor die einde kom, sal daar vreeslike rampe op aarde wees. Daar sal oorloë wees waarin alle volke en koninkryke betrokke sal wees. Ook

²¹⁵ Ps. 68: 29 Ter wille van u tempel in Jerusalem sal die konings aan U geskenke bring.

hongersnood, pessiectes en aardbewings sal die lewe amper ondraaglik maak. Die grootste bedreiging vir die gelowiges van daardie tyd sal die verskyning van vals christusse wees. Hulle sal maak asof hulle Christus is en die mense wat gretig na die koms van die Verlosser uitsien, sal maklik mislei word. Teen sulke valse mense moet die volgelinge van Christus altyd op hulle hoede wees.²¹⁶

Hierdie ontsettende dinge sal net die begin van die smarte en die nuwe tyd wees. In sy verduideliking maak Jesus nie duidelik onderskeid tussen die verwoesting van Jerusalem en die voleinding van die wêreld nie. Die gebeurtenisse wat voor die eerste ramp sou plaasvind, is tipies van wat sal gebeur voor die voleinding. Tog maak Jesus dit duidelik dat dié twee in die tyd van mekaar geskei is: daar sou eeue verloop tussen die verwoesting van Jerusalem en die voleinding van die wêreld.

Verdrukking van die kerk

Die gemeente van Christus sal baie ly onder die verdrukking.²¹⁷ Almal sal hulle haat omdat hulle in Jesus Christus glo. Hulle sal vervolgd en verdruk word: amptenare in die kerke en howe van die wêreld sal hulle veroordeel, maar hulle hoef nie bang te wees nie. Die Heilige Gees sal hulle bystaan en help. Valse profete sal opstaan en baie mense verlei. Minagting van die wet van God sal veroorsaak dat die haat meer word en die liefde minder. In dié tyd sal die gelowiges moet vasstaan.²¹⁸ Die verkondiging van die Woord van God moet voortgaan totdat al die nasies die blye boodskap gehoor het. Eers dan sal die einde kom.

Die rampe oor Jerusalem en later oor die hele wêreld

Die rampe wat oor Judea sal kom, gaan voor die einde van die wêreld gebeur. Vir 'n oomblik verwys Jesus na die verwoesting van Jerusalem en die tempel. Die profesie van Daniël wat handel oor die verwoesting wat in

216 Jud. 1: 4 Want sekere mense het ingesluit wat lank tevore al opgeskryf is vir hierdie oordeel, goddelose mense wat die genade van onse God verander in ongebondenheid, en die enigste Heerser, God, en onse Here Jesus Christus verloën.

217 Op. 2: 10 Vrees vir niks wat jy sal ly nie. Kyk, die duiwel gaan sommige van julle in die gevangenis werp, sodat julle op die proef gestel kan word; en julle sal tien dae lank verdrukking hê. Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal jou die kroon van die lewe gee.

218 2 Tim. 2: 3 Ly dan verdrukking soos 'n goeie krygsman van Jesus Christus.

die tempel aangerig sal word, gaan in vervulling.²¹⁹ Die tempel sal afgebreek en nie vir die diens van die heilige God gebruik kan word nie. Dan sal almal wat in Judea is haastig moet vlug, maar daar sal geen geleentheid wees om iets saam te neem nie. Vroue wat verwagend is of klein kindertjies het, sal die swaarste kry. Gedurende hierdie tyd kan daar nog gebid word en God sal hulle lot verlig.

In dié tyd sal valse christusse en valse profete te voorskyn tree en die gelowiges deurmekaar maak. Hulle sal so listig optree dat hulle selfs die gelowiges sal verlei, as so iets moontlik is, maar God sal sy eiendom bewaar. Die gelowiges moet weet dat die koms van die Seun onverwags en vir almal duidelik sal wees, soos 'n weerligstraal wat van die ooste tot die weste gesien word.

Die tekens van die wederkoms van die Here Jesus

Die tekens van die wederkoms van die Here Jesus word hierna kortliks bespreek. Die groot verdrukking wat oor die mense sal kom, sal ook die hele skepping aantast. Die son en die maan sal donker word en die sterre sal uit hulle plekke val en die kragte van die hemele sal geskud word. In daardie tyd sal die Seun van die mens onverwags met groot krag en heerlikheid op die wolke verskyn. Al die volke van die aarde sal Hom sien en verslae wees. Die groot trompet sal weerklink en die engele sal uitgaan om die uitverkorenes bymekaar te maak uit die vier windstreke.

Op die vraag van die dissipels wanneer die einde sal kom, antwoord Jesus nie direk nie. Hy dui net die tekens aan en wys op die vyeboom wat in die vroeë lente begin bot as teken dat die somer aan die kom is. So moet die gelowiges ook let op die tekens van die tye om te weet wanneer die wederkoms van die Here Jesus naby is. Van een ding kan hulle seker wees: Selfs die hemel en die aarde sal vergaan, maar die woord van Jesus, met sy heerlike beloftes en versekerings, sal nooit verbygaan nie.

Wees waaksaam

Met die wederkoms van die Here sal dit wees soos in die dae van Noag. Die mense sal eet en drink, en trou, en koop en verkoop en niks verstaan voordat die Here onverwags op die wolke verskyn nie. Dan sal daar twee op die land

219 Dan. 11: 31 En deur hom sal leërs op die been gebring word en die heiligdom, die vesting, onheiligh, en hulle sal die voortdurende offer afskaf en die ontsettende gruwel opstel.

wees; die een word aangeneem en die ander word verlaat. Twee vroue sal by die meul maal; die een word aangeneem en die ander een word verlaat. Die gelowiges moet wakker wees,²²⁰ omdat hulle nie weet op watter uur hulle Here kom nie.²²¹ Om sy dissipels nog verder aan te moedig om waaksaam te wees, vertel die Here drie gelykenisse oor die einde van hierdie wêreld.

Die goeie en die slegte dienskneg

Die eerste gelykenis is van 'n huisheer wat 'n getroue en verstandige dienskneg uitsoek en aanstel oor al sy werkers om op die regte tyd vir hulle voedsel te gee. Dan gaan die huisheer op reis. As die huisheer na 'n tyd terugkeer en daardie dienskneg op sy pos aantref, besig om getrou sy opdrag uit te voer, sal die huisheer hom vergoed en oor al sy besittings aanstel.

Dit kan egter ook anders gaan. As die dienskneg ontrou en onverstandig is, sal hy met verloop van tyd sy werk begin afskeep omdat sy heer lank neem om terug te kom. Hy sal sy gesag misbruik deur die werkers te slaan en die lewe vir hulle moeilik te maak. Hy sal die eiendom van sy heer gebruik vir sy eie partytjies. Die huisheer sal onverwags terugkom en hierdie dienskneg straf. Almal sal weet dat hy net gemaak het of hy sy heer getrou wou dien, maar in sy hart net sy eie belange gesoek het. Hy word weggejaag uit die huishouding van die huisheer en oorgegee aan sy eie slegte gewete.

Hieruit moet die gelowiges verstaan dat aan hulle 'n besondere opdrag gegee is. Hulle moet die huishouding van Christus hier op aarde versorg in die tyd dat Hy weg is. Saam met ander gelowiges moet hulle Jesus se liggaam vorm.²²² Wie nie wakker is nie, val in versoeking, maar wie waaksaam bly, is tegelyk getrou en verstandig en sal ryklik vergoed word.

Die gelykenis van die tien jong meisies

Die Here stel sy kerk wat op sy wederkoms wag, voor as tien jong meisies wat by 'n troue wag dat die bruidegom moet kom. Hulle wag met brandende lampe. Vyf van hulle het ekstra olie in kanne saam gebring ingeval hulle lampe miskien doodgaan. Die ander vyf het gedink dat dit onnodige moeite is. Naderhand het al tien vaak geword en aan die slaap geraak.

220 1 Pet. 5: 8 Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, en soek wie hy kan verslind.

221 2 Pet. 3: 10 Maar die dag van die Here sal kom soos 'n dief in die nag, waarin die hemele met gedruis sal verbygaan en die elemente sal brand en vergaan, en die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand.

222 1 Kor. 12: 27 Maar julle is die liggaam van Christus en lede afsonderlik.

Middernag word hulle wakker van 'n geroep dat die bruidegom kom; hulle moet hom gaan ontmoet. Toe sien die meisies wat nie ekstra olie het nie, dat hulle lampe doodgaan. Hulle vra vir die verstandiges om vir hulle van hulle olie te gee, maar die verstandiges sê hulle moet liever self gaan koop, want daar is nie genoeg vir hulle almal nie. Terwyl hulle gaan olie koop, kom die bruidegom. Die verstandiges het saam met hom by die feessaal ingegaan en die deure is gesluit. Toe die vyf dwase meisies later kom en aan die deur klop en roep dat die bruidegom vir hulle moet oopmaak, antwoord hy dat hy hulle nie ken nie. Die Here sluit sy gelykenis af met die waarskuwing dat hulle altyd gereed moet wees omdat niemand weet wanneer die Seun van die mens kom nie

Die gelykenis van die talente

Hierdie gelykenis kom baie ooreen met die gelykenis van die ponde wat die Here vroeër aan hulle vertel het. 'n Man gaan op reis en gee aan drie van sy diensknegte van sy geld om nuttig te gebruik terwyl hy weg is. Die eerste een ontvang vyf talente, 'n ander een twee en die laaste een net een talent. Toe die man terugkom, roep hy hulle om rekenskap te gee van sy goed wat hy aan hulle gegee het. Die een wat vyf talente ontvang het, bring tien terug, hy het nog vyf byverdien. Sy heer prys hom as 'n goeie en getroue slaaf wat getrou was oor sy goed. Sy heer sal hom aanstel oor baie. "Gaan in in die vreugde van jou heer." Die een wat twee gehad het, het nog twee byverdien en sy heer prys hom net so. Die derde een maak verskoning dat hy geweet het dat sy heer 'n harde meester is en dit daarom nie gewaag het om met die talent handel te dryf nie. Hy het die talent in die grond begrawe en bring dit nou weer net so terug.

Hierdie dienskneg wou die voordele van die huishouding van sy heer geniet en tog nie sy plig teenoor sy heer doen nie. Hy was 'n ontroue dienskneg. Daarom word die een talent van hom weggeneem en aan die een gegee wat tien het. Die nuttelose dienskneg word uitgewoos in die buitenste duisternis, waar daar geweens en gekners van die tande sal wees.

Met hierdie gelykenis wil Jesus sy volgelinge leer dat Hy nie onbillike eise aan hulle stel nie. Aan elkeen is sekere gawes en talente gegee.²²³ Hulle moet dit nuttig gebruik in belang van die koninkryk van God. Wie getrou is ontvang die loon van die getroue. Wie ontrou is, word uitgewerp.

223 1 Kor. 12: 11 Maar al hierdie dinge werk een en dieselfde Gees wat aan elkeen afsonderlik uitdeel soos Hy wil.

Die gelykenis van die skape en die bokke

Wanneer die Seun van die mens in heerlikheid op die laaste dag verskyn, sal Hy op sy troon sit en al die engele sal rondom Hom staan. Dan sal al die nasies voor Hom gebring word en Hy sal hulle skei soos 'n herder die skape van die bokke skei. Die skape sal Hy aan sy regterkant laat bymekaar kom en die bokke aan sy linkerkant. Dan sal die Koning vir die skape sê dat hulle die geseëndes van sy Vader is wat die koninkryk wat vir hulle berei is, erf. Toe Hy honger was het hulle Hom iets te ete gegee; toe Hy dors was het hulle Hom iets te drinke gegee. As vreemdeling het hulle Hom herberg gegee; Hy was naak en hulle het Hom geklee; Hy was siek en hulle het Hom besoek; Hy was in die gevangenis en hulle het Hom besoek.

Die regverdiges kon nie eers onthou wanneer hulle aan Hom in sy nood goed gedoen het nie. Dan sal die Koning antwoord dat hulle dit aan Hom gedoen het toe hulle dit aan een van die geringstes gedoen het. Aan die bokke sal die Koning sê dat hulle Hom nooit gedien het toe Hy in nood was nie. Hy sal die vervloektes weg stuur na die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele. Hulle sal verbaas vra wanneer hulle nie aan Hom in sy nood goed gedoen het nie. Dan sal die Koning antwoord dat hulle nagelaat het om Hom te dien toe hulle dit nie gedoen het aan een van hierdie geringstes nie. Dan bereik elke groep sy ewige bestemming: die onregverdiges gaan weg in die ewige straf, die regverdiges gaan die ewige lewe in. Ook in hierdie gelykenis word die gelowiges opgeroep om aan die medemens goed te doen, want so voer ons die opdrag van die Here uit.

Die besluit van die Joodse Raad

Op die Woensdag sê die Here vir die eerste keer aan sy dissipels dat Hy oor twee dae met die Pasga aan die mense oorgelewer gaan word om deur hulle gekruisig te word.

Op dieselfde dag hou die Joodse Raad of Sanhedrin ook 'n vergadering in die paleis van Kajafas, die hoëpriester. Daar besluit hulle om Jesus dood te maak, maar hulle wil dit nie op die fees doen nie, want hulle is bang dat daar oproer onder die volk kan ontstaan. Min weet hulle dat dit juis op die Paasfees moet wees, omdat Jesus soos die paaslam vir ons sondes geslag moet word.

Die maaltyd in Betanië

Op dieselfde dag wat die Joodse Raad vergader, berei Jesus se vriende in Betanië vir Hom en sy dissipels 'n maaltyd voor in die huis van Simon, die melaatse. Sy naam dui daarop dat hy 'n melaatse was wat deur Jesus gesond gemaak is. Hy betuig dank en eer aan Jesus deur die maaltyd te reël en al die vriende van die Here daarheen te nooi. Lasarus en sy twee susters is ook daar. Lasarus is saam aan tafel en Martha bedien die gaste. Toe die maaltyd al aan die gang is, kom Maria ook in met 'n fles kosbare nardussalf. Sy breek die nek van die fles en gooi van die salf op Jesus se hoof. Daarna salf sy ook Jesus se voete en droog dit met haar hare af. In groot verering en dankbaarheid salf sy haar Here, maar sy dissipels, veral Judas Iskariot, dink dat sy onnodig duur salf vermors.

Judas sê vir die ander dissipels dat die nardussalf baie geld werd is. Dit kan vir minstens driehonderd pennings verkoop word, dit wil sê die helfte meer as wat nodig was om die vyfduisend mense te voed.²²⁴ Volgens Judas sal dit veel beter wees om dit te verkoop en die geld aan die armes te gee. Johannes vertel dat Judas dit nie sê omdat hy oor die armes so besorg is nie, maar omdat hy die beursie dra. Hy is die een onder die twaalf wat hulle gesamentlike geldsake moet behartig en dit is bekend dat hy nie eerlik was nie. Jesus sê egter hulle moet haar laat staan, want sy het 'n goeie daad aan Hom gedoen met die oog op sy sterwe. Hy wys ook daarop dat hulle die armes altyd by hulle sal hê, maar dat Hy nie meer lank by hulle sal wees nie. Die Here sê dat die hele wêreld waar die evangelie verkondig word hierdie goeie daad wat sy aan Hom gedoen het, sal onthou.

Dit wat in die volgende dae gebeur, maak die woorde van Jesus waar. Daar is ook nie geleentheid om sy liggaam met speserye te behandel nie. Ná sy sterwe lê hulle Hom haastig in die graf voordat die sabbat aanbreek. En die volgende oggend toe die vroue na die graf gaan om die liggaam te versorg, het Hy al opgestaan. Juis daarom is die daad van Maria so betekenisvol en sal dit altyd onthou word.

224 Mark. 6: 37 Maar Hy antwoord en sê vir hulle: Gee julle aan hulle iets om te eet. En hulle sê vir Hom: Moet ons gaan en vir twee honderd pennings brood koop en aan hulle gee om te eet?

Aanbevole leesstukke:

BOOYENS, M.J. 2005. Laat my lammers wei. Pretoria: EFJS Drukkers 198 - 202 p.

GROENEWALD, E.P. 1968. Handboek Bybelse geskiedenis: Die Nuwe Testament. Pretoria: DBU. 346 - 355 p.

INGWERSEN, G. 2008. Die Bybel oorvertel vir oud en jonk. Pretoria: DBU. 643 - 647 p.

TEN HAVE, P. 1935. Bij de Bron: Nieuwe Testament deel II. Neerbosch. Neerbosch Drukkerij. 83 - 90 p.